MyStories
jou eie avontuur

‘n Babasussie vir

# LIENKE EN LUAN



MyStories
jou eie avontuur

'n Babasussie vir

# LIENKE EN LUAN



Geskryf deur Isabella Burger | Illustrasies deur Christopher Pinto | Uitleg deur Cené de Wit

www.mystories.co.za

**Produk van Suid Afrika** © Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Proef_06-01

Lienke en Luan lê snoesig in hulle warm bedjies.

Dis slaaptyd en Klaasvakie het reeds sand in hulle ogies gestrooi, maar hulle kan nie slaap nie, hulle is te opgewonde.




Mamma en Pappa het vandag groot nuus met hulle gedeel: Hulle gaan ’n babasussie kry, ’n speelmaatjie, ’n lagmaatjie, ’n vir-altyd-maatjie.

Maar hoe lank nog voor hulle sussie kom?

Lienke en Luan kan nie meer wag nie.

Wie klop so teen die kamervenster?

Lienke en Luan loer by die venster uit en in die maanlig sien hulle 'n groot, wit ooievaar.

Hulle vryf hulle ogies en kyk weer. "Wie is jy en wat maak jy hier, mooie Ooievaar?" vra Luan.



Die ooievaar skud sy vere reg.

"Naand, my naam is Oosland. Ek hoor julle gaan 'n babasussie ryker word! Daar is seker baie dinge waaroor julle wonder, nê?"



## HULLE KNIK.

Oosland klik sy snawel. "Nou ja, klim gou op my rug! Ek het gekom om julle op 'n lekker avontuur te neem."



Lienke en Luan laat nie op hulle wag nie, hulle klim deur die venster en klouter op Oosland se rug. Met 'n sagte ...

**SWIESJ-SWIESJ** van sy vlerke styg hulle op.

Hulle tone krul van lekkerkry toe hulle oor die tuin vlieg ...
verder en verder ...



... tot by ’n groot, ou eikeboom.

Oosland land op ’n tak langs ’n nes waarin drie blinkwit eiers lê.

“Binne-in elke eier is daar ’n baba-ooievaartjie,” verduidelik Oosland. “Terwyl die ooievaartjies groei, pik hulle kort-kort liggies teen die binnekant van die eierdop.

Uiteindelik, wanneer hulle sterk genoeg is,

**PIK-PIK-PIK**

hulle tot die dop kraak. Dan kruip hulle uit. En weet julle wat? Julle babasussie gaan ook so teen julle mamma se magie

**SKOP-SKOP-SKOP.**

Maar eers moet sy tien vingers, tien tone en ’n oulike gesiggie kry. En dan, wanneer sy sterk genoeg is...”

Lienke klap haar hande.
“Dan gaan sy uit Mamma se magie kom!” roep sy.

Oosland knik.

**“NET SO!”**

"Maar dit vat so lank," kla Luan.

Oosland draai sy kop skeef en skud sy vere reg.
"Dit neem babas drie volle seisoene om in hulle mammas se magies te groei," sê hy. "Ken jy die seisoene, Luan?"

**"SOMER, HERFS, WINTER, LENTE!"**
roep Luan trots uit.



**"UITSTEKEND!"** sê Oosland.

"Wanneer drie van daardie seisoene verby is, gaan julle haar ontmoet. Vra vir Mamma om 'n aftelkalender te maak sodat julle die slapies kan tel totdat julle babasussie kom!"

Lienke bons op en af.

**"O, EK IS SO OPGEWONDE! ONS GAAN TOG TE LEKKER SPEEL!"**

Oosland knipoog.

"Kom ek gaan wys julle nog iets van babas by 'n ander gawe familie."

Hulle vlieg oor grondpaaie en grasvelde tot by 'n trop bobbejane wat teen 'n rantjie kos soek tussen klippe.

'n Groot bobbejaan wink hulle nader.
"Haai, Oosland, my ou vriend! Welkom terug!" groet hy.

Oosland gaan sit op 'n rots, terwyl Lienke en Luan van sy rug af wip.

Net waar hulle kyk, sien hulle bobbejaan-mammas met bobbejaan-babas wat aan hulle magies vasklou.



Oosland beduie met sy vlerk na die baba-bobbejaantjies.



"Weet julle wat, Lienke en Luan?

Wanneer julle babasussie gebore word, gaan sy ook styf teen julle mamma se lyf gedra word. Eers sal sy baie slaap en baie melkies drink. Dan sal sy leer sit, kruip, opstaan en uiteindelik, na omtrent nog vier of vyf seisoene, gaan sy oral saam met julle rondhardloop en inderdaad lekker met julle speel."

# KRRRRR ...

'n Akker val uit 'n eikeboom en rol oor die grond. Twee jong bobbejaantjies spring op om met dit te speel.

Lienke en Luan sien net arms, bene, sterte en ore soos hulle oor die akker stoei.



Hulle spartel en woel en

# KAPLAKS

rol hulle bo-oor 'n rots en plons op die grond!



Luan, Lienke en al die
bobbejane bars uit van die lag.

Die pappa-bobbejaan draf nader en kielie die klein bobbejaantjies se magies. Luan weet sommer Pappa gaan net so lekker met hulle en hulle nuwe sussie speel.

"Dis tyd om julle 'n laaste ding te gaan wys," sê Oosland.

Lienke en Luan klouter terug op sy rug.



Hulle vlieg oor velde en vlaktes tot by 'n meer waar 'n swaanfamilie woon.

'n Koue briesie waai oor die meer en hulle sien hoe die mamma-swaan haar kuikens nader roep en hulle knus onder haar vlerke toemaak.

**"SIEN JULLE,"** sê Oosland.

"'n Mamma se vlerke is groot genoeg om al haar kindertjies ... h'm ... ek bedoel kuikentjies ... met haar liefde toe te maak."

Net daar steek Oosland sy snawel onder sy vlerk in,
haal twee krone uit en sit dit op Lienke en Luan se koppe.

"Dis die mooiste, blinkste krone wat ek al ooit gesien het!" juig Lienke.




"Hierdie krone sal julle altyd daaraan herinner dat julle baie spesiaal vir jul mamma en pappa is en dat julle die beste ousus en ouboet in die wêreld vir julle babasussie gaan wees."

Hulle klouter vir oulaas op Oosland se rug.

Dis tyd om huis toe te gaan …

… maar …




Wie klop so?

**"LIENKE, WORD WAKKER!"**
roep Mamma.

"Kom kyk! Pappa is besig om julle sussie se bedjie te bou!"

Lienke en Luan strek en gaap.

Hulle voel-voel op hulle koppe en kyk rond.
Sowaar, hulle is terug in hul kamer. Maar waar is hulle krone?

**"LUAN!"**
roep Pappa.



Lienke en Luan spring uit hulle bedjies
en hardloop na die babakamer.

Daar staan Pappa en

**KAP-KAP-KAP**

met sy hamer.



"Aha, kyk wie is uiteindelik wakker.
Kom hier, liefste ousus en ouboet,"
sê Pappa en trek hulle nader.

Hy kielie hulle magies en krap
hulle hare deurmekaar, nes die
pappa-bobbejaan met sy kleintjies
gemaak het.

Vir 'n oomblik wonder Luan ...
was hulle avontuur waar, of was dit net 'n wonderlike droom?

Dan hoor hulle 'n sagte

**SWIESJ-SWIESJ...**

Hulle hardloop na die venster en daar sien hulle 'n
wit ooievaar wat vir hulle knipoog voordat hy wegvlieg.





Op die vensterbank blink twee pragtige krone in die son.
Hulle kan hulle oë nie glo nie!

Hulle raap dit op en roep:

**"PAPPA, KYK HIER!"**

Pappa neem die krone versigtig by hulle en sê: “Maar hierdie mooi blink krone hoort mos op ’n spesiale meisie en grootman se kop!” Hy buk af en sit dit op hulle koppe.

Lienke en Luan glimlag trots.





Mamma strek haar arms wyd oop en sê: “Sjoe, maar julle lyk pragtig met daardie krone! Kom klim op my skoot, dan vertel ek vir julle ‘n storie oor julle babasussie in my magie.”




"Is dit ons babasussie wat so skop?"

Mamma knik glimlaggend.

"Net soos die klein ooievaartjies," fluister Lienke en op daardie oomblik weet hulle altwee, die storie van hulle bababoetie gaan 'n baie mooi storie wees!

Lienke en Luan klim sagkens op Mamma se skoot en wikkel hulle lyfies tot hulle styf teen Mamma sit, veilig onder haar arms, net soos die swaankuikens by hulle mamma.

**"VOEL HIER,"** roep Mamma meteens.



Die einde

Lienke en Luan lê snoesig in hulle bedjies,
maar hulle kan nie slaap nie.

Hulle is te opgewonde!

## HULLE GAAN 'N BABASUSSIE KRY!

Maar… wie klop so aan hulle kamervenster?

Net toe Lienke en Luan begin wonder hoe dit gaan voel om 'n babasussie te hê, daag Oosland die ooievaar op en neem hulle op 'n prettige babasussie avontuur.

Saam deurkruis hulle vlaktes en berge, ontmoet allerhande diere-babatjies en ontdek soveel lekker dinge om na uit te sien.

Is Lienke en Luan reg om ousus en ouboet te word?

Was hulle avontuur maar net 'n wonderlike droom?

**www.mystories.co.za**



MyStories
jou eie avontuur